Die Lewende Kerk

Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 17 April 2016

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel.

Lees: Gal 3: 1-14.

Fokus: Gal 3: 3.

Tema: **Christelike wettiesheid.**

Omgee:

- Hendrik Fritz is in Garden City hospitaal na ‘n operasie.
- Cara Palmer (dogter van Martiens en Hannelie) is nou al vir ‘n tydlank siek en baie verswak.
- Chatye Rensburg is met borskanker gediagnoseer.
- Sumarie van Tonder het in die week haar graad ontvang met onderskeiding.

Offergawes: ◊

Offergawes: ‘D’ gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings: ☼

- Onthou ons **aanderediens** wat fokus op die jeug **vanaand** om 17:30. Almal is welkom om dit by te woon.
- **Kinderkerk**: al die kinders gaan vandag van 09:00 af na die klaskamers.
- Ds Stephan se **kategesegroep** kom vanmiddag om 17:00 in die kuierkamer bymekaar.
- Ons volgende **Oorwinnaarsnaweek** word beplan vir **20-22 Mei** by Bergbron. Besprekings kan by ds Stephan gedoen word.
- Die **begrafnisdiensgroep** vra of iemand dalk weet waar hul wit tafeldoeke en appelkooskleur overlays is. Sê asb. vir Johanna de Klerk as jy onthou waar dit is.
- **Tee/koffie skinkbeurte** – **vandag** is dit Groep 1, Susan, Mariëtte, Annette en Maureen. Volgende Sondag is dit Groep 2, Elma, Karla, Annamie en Hilda se beurt.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Die Lewende Woord vir jou vandag

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: Gal 3: 1-14.
Fokus: Gal 3: 3.
Christelike wettiesheid.

1. Betekenis van Christelike wettiesheid.

- Nie-Christelike wettiesheid: vertroue in die goeie werke wat ons doen om verlos te word van sondes.
- Christelike wettiesheid: Daar is baie ware Christene wat glad nie glo dat hulle verlossing afhanklik is van hulle goeie werke nie, maar wat wel glo dat hulle heiligmaking (groei in Christus) wel is.
- Regverdigmaking en heiligmaking is deur die Gees.

2. Bevryding in Christus van wettiesheid.

- Die wet maak dood, die Gees maak lewend (2 Kor 3: 5-6).
- 'n Persoon is wetties nie oor *wat* hy doen nie maar oor *hoekom* hy iets doen of nie doen nie.
- Ons is in Christus God se kosbare kinders en Hy wil hê dat ons na Hom toe sal kom uit liefde en begeerte – nie uit verpligting nie.
- God het ons in Christus vry gemaak van die wet (Gal 5: 1).

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:

- Voel jy soos 'n goeie Christen? Lewe jy 'n lewe van oorwinning in Christus?
- Wat is die verskil tussen Christelike en nie-Christelike wettiesheid?
- Watter rol speel die Gees in jou regverdigmaking en heiligmaking?
- Waar lê die verskil tussen 'n wettiese persoon en 'n persoon wat wandel deur die Gees?
- Hoe maak Christus ons vry van Christelike wettiesheid?

Gebed: Teen die Gety

*Gedeeltes aangehaal uit die boek , **Teen die Gety**, van Dr. Bennie Mostert. Uitgegee deur Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.*

Stap 2: Maak die oorwinnaar wakker

Die kerk van Jesus Christus en daarom elke gelowige is geroep om oorwinnaars te wees. Van die begin af was dit God se doel en plan dat ons, die kerk, oorwinnaars , ja meer as oorwinnaars, sal wees. Wanneer God Hom aan ons openbaar, toon Hy Hom as die God wat in beheer is, die God wat die oorwinning in elke omstandigheid behaal. Die Skrif openbaar Hom aan ons as: *Allerhoogste (Ps.18:13); Bergvesting (Ps.31:3) Bewaker van julle lewe (1Pet 2:25); Bewerker van wonderdade (Eks.15:11);* ...Dit is hierdie God wat ons beskerm, wat ons Vader mag noem, wie se kinders ons is en wat deur die Heilige Gees in ons woon.

1. **Oorwinning as mandaat in die Ou en Nuwe testament**

Die Ou Testament wil ons leer dat oorwinning die mandaat van elke gelowige is. (Ges.49:22-24; Sag.4:6-7) In die Nuwe Testament neem ons kennis van die woord "oorwinning"Christus het gekom om die oorwinning te behaal en vir die gelowiges 'n lewe van oorwinning moontlik te maak. (Matt. 16:18-19; Matt.:17:20; Han. 1:8)

2. **Oorwinning as mandaat vir elke gelowige**

Wanneer ons egter die kerk van vandag, die gemeentes in ons land aan "oorwinning as mandaat vir elke gelowige"meet, sien ons dat die Skrif en die praktyk nie met mekaar ooreenkom nie. Die kerk is op baie plekke aan die slaap. 'n Magteloosheid en kragteloosheid is in die kerk aanwesig.

Dit was nie God se bedoeling vir die kerk en vir gelowiges nie. God se bedoeling is dat ons 'n weermag van oorwinnaars moet wees,'n weermag wat tot die offensief oorgaan en nie 'n weermag wat die hele tyd moet koes en keer en verdedig nie. Ons probleem is grootliks dat ons kyk na die vyand, die geweldige probleme in ons gemeentes en die gemeenskap en sien dat dit onoorwinlik is. Menslik gesproke is dit waar want vir mens alleen is dit onmoontlik. Maar die *kerk is juis kerk omdat Jesus die hoof van die kerk is en lidmaat is juis lidmaat omdat Christus deur die Heilige Gees in ons woon: en vir God is niks onmoontlik nie!* Die kerk, en daarom elke gelowige, het 'n maandaat van God om die *koningryk te bou,* om die *evangelie na die eindes van die aarde te neem,* om die *vestings van die Bose te verbreek.*

3. **Hoe behaal ons die oorwinning?**

Om hierdie oorwinning te behaal, is daar 'n aantal dinge wat ons sal moet verstaan. Daarna sal ons tot definitiewe aksie moet oorgaan.

- Daar moet by ons as lidmate 'n *heilige onvergenoegdheid* met die huidige kragteloosheid van die kerk en ons eie kragteloosheid ontstaan.

- Ons sal opnuut moet verstaan *wie ons in Christus is, wie ons God is en waartoe Hy ons geroep en bekwaam het.* Ons sal God moet vra om ons geestelike oë so sal oop

te maak dat ons die geestelike realiteit van die kruis en Christus se oorwinning aan die kruis sal verstaan.

- Ons sal moet begin veg: tot aksie oorgaan. *"We must awaken the warrior spirit, the spirit of the overcomer, in the church."*
- Ons sal ons met *nuwe gehoorsaamheid aan God en die Woord* moet onderwerp.
- Ons sal ons sonde moet bely, ons voor God verootmoedig, ons voor die Almagtige verneder en aan onsself moet sterf, en dan eendragtig na God moet kom en Sy wil doen. Sonder *gebrokenheid, sterf aan die self en nederigheid* is eenheid in die kerk 'n illusie. (Deut.32:30)

4. God se belofte aan elkeen wat die oorwinning behaal

In Openbaring lees ons aan die einde van elkeen die sewe briewe aan die sewe gemeentes hoe die Here Jesus buitengewoon groot en heerlike beloftes maak aan elkeen wat die oorwinning behaal.
(Openbaring 2:7; 2:11; 2:17; 2:26-28; 3:5; 3:12; 3:21)
Maak die oorwinnaar wakker, laat elke lidmaat opstaan en die werke van God doen!

Lekker verjaar ...!

Verjaardae vandag:

17/04	ELSJEVON BRIEL	011 477 2133	
17/04	JOHAN CALITZ	072 844 7109	
17/04	SUSAN LE ROUX	072 363 3023	011 673 6214

Mag die Here jou oorvloedig seën

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor (011 673 9705).

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf:www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za
Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)
Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792,vernonfor.vf@gmail.com
Gebedsgroep –Gerhard en Susan Botha 0835379770
Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023
Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349
Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705
kantoor@bergbron.org.za